



Jesus Heers oor Siekte en Dood

Jesus het gesê Hy is die Seun van God. Hy het vir die mense gesê Hy kom van God af. Daarom het Hy allerhande wonderwerke gedoen om dit vir hulle te wys dat Hy van God af kom.

Hy het dit vir hulle gewys toe Hy die wind en die storm en die see stilmaak. Hy het dit ook gewys toe Hy siek mense gesondmaak. Selfs die dood was aan Jesus gehoorsaam.

'n Dokter kan ook siek mense help. Hy kan vir hulle medisyne gee, maar hy kan hulle *nie* gesondmaak nie. Net *God* kan dit doen. En dis ook net *God* wat mense weer lewendig kan maak. *Jesus* kon dit doen, want Hy *is* God.

Die Bybel vertel ons van 'n jong meisie wat baie siek was. Haar pa, Jaïrus, het die dokter gaan roep. Maar die dokter se medisyne het nie gehelp nie. Hulle was so bang dat die meisie sal sterwe. Daarom het haar pappa na Jesus toe gegaan.

Toe Jaïrus vir Jesus gevind het, val hy voor sy voete neer en sê, "Ag, kom asseblief *dadelik* na ons huis toe. Ons dogtertjie is besig om te sterwe!"

Rondom die Here Jesus was daar baie mense. Hy kon nie gou maak nie. Een van die mense was 'n siek vrou wat toe baie naby aan Jesus kom om sy klere aan te raak. Jesus het gevoel dat sy Sy klere aanraak en hou toe stil om met haar te praat.

Jairus moet wag. En hy *wil* nie wag nie. Sy dogtertjie is so *vreeslik* siek. Hy is seker sy gaan sterwe. Hy wil hê Jesus moet gou maak...

Net toe kom daar iemand aangehardloop. Dis dan een van sy mense! "Dis al *te laat*", sê die

man. "U dogtertjie is klaar dood!"

Jairus se hart is gebreek. As Jesus maar net vinniger sou kom...

Maar Jesus sê vir hom: "Moenie bang wees nie, Jairus. Glo net."

Dit was *nie* te laat nie. Nie vir Jesus nie.

Jairus het nie *geweet* dat die Here Jesus sy dogtertjie gesond kan maak nie, selfs al het sy reeds *gesterwe*.

Nou gaan die Here saam met Jaïrus huis toe, waar hulle die meisie op die bed vind. Die mense in die huis is so hartseer, want die meisie is dood.

Maar Jesus vat haar hand en sê: "Talitha Koemie, meisiekind, staan op!"

En toe...daar *staan* sy op. Sy is weer lewendig, en gesond. Jesus sê vir haar mamma: "Gee haar iets om te eet."

Die Here Jesus is wonderlik. Hy is *Almagtig*, want Hy is *God*.

Wanneer ons siek is, bid ons ook tot die HERE, want *Hy* kan ons weer gesond maak.

Die Here maak die mense *nie altyd* weer gesond nie. Daar is vir elkeen van ons 'n tyd om te sterwe. En tog maak dit nie saak nie. Omdat ons die Here Jesus liefhet, sal ons die oomblik as ons sterwe, na Hom toe gaan, en dan sal ons vir ewig lewe, in die hemel, saam met Hom. Dit het Hy vir ons belowe. Net as dit sy wil is, sal Hy ons gesond maak, omdat Hy al die mag het in die hemel en op aarde. Selfs oor siekte en oor dood.

Gesels hieroor:

1. Watter groot verrassing het die Here Jesus vir Jaïrus gehad?
2. Waarom maak die Here sy kinders nie altyd gesond nie?

3. Dink jy Jesus hou daarvan om sy kinders Huis toe te kom haal?

Voordat Hy opgevaar het na die hemel, het die Here Jesus vir sy dissipels gesê:

“Aan My is alle mag gegee in die hemel en op aarde.”

(Matteus 28:18)

Wat ons kan lees:

Lukas 8:49-56

Hier is 'n lied om te sing van Jesus, die Oorwinnaar oor die dood.

Jaïrus val voor Jesus neer:

‘My kind is siek. Ag Heer,
Kom lê u hande tog op haar,
Gee haar die lewe weer.’

Sy mense kom van ver af aan
en sê: ‘U kind is dood.’
Die Meester antwoord ‘wees nie bang,
vertrou My tog, en glo!’

‘Talita Koemi’, spreek die HEER,
‘Staan op, My kind, en leef!
Ek is Oorwinnaar oor die dood
Die God wat lewe gee.’

'n Gebed:

Here Jesus, dit maak ons bly dat ons mag weet dat alle mag aan U behoort. Help ons om U altyd te vertrou, veral as ons siek is. As ons moet sterwe, neem U ons na die hemel om vir altyd saam met U te lewe. Amen.

Marian Schoolland

© 2019
www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit ‘Leading Little Ones to God’
is deur Marianne Bron vertaal.*